NWU®

# Friday Feel-Good News
# Faculty of Education

10 September 2021

## NWU's virtual excursions inspire super professionals

The Faculty of Education at the North-West University (NWU) believes it requires more than just an ordinary teacher to make an impactful contribution in the education sector – it takes a super teacher to cultivate, motivate and educate South Africa's young minds.

This is why the university has embarked on excursions since 2016, bringing thousands of first-year BEd students from the NWU's three campuses, as well as the distance students, together to inspire, train and engage with them on what it means to excel in the career of being a teacher.
Since third- and fourth-year BEd students act as facilitators, the excursions also provide these students with the opportunity to further develop their skills to be effective facilitators, which will empower them for their future careers.

To read the entire article, please click on the link below:
https://news.nwu.ac.za/nwus-virtual-excursions-inspire-super-professionals



Prof Josef de Beer, Prof Elsa Mentz , Prof Neal Petersen and Prof Robert Balfour.
Proudly wearing their super teacher T-shirts.

## NWU se virtuele ekskursies inspireer superkundiges

Die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit (NWU) glo dat dit meer as net 'n gewone onderwyser verg om 'n betekenisvolle bydrae in die onderwyssektor te maak - 'n superonderwyser is nodig om Suid-Afrika se jongmense te help ontwikkel, te motiveer en op te voed.

Dit is waarom die universiteit sedert 2016 met ekskursies begin het en duisende eerstejaar-BEd-studente van die NWU se drie kampusse, asook afstandstudente, byeengebring het om hulle te inspireer, op te lei en met hulle te gesels oor wat dit beteken om in die beroep van 'n onderwyser uit te blink. Aangesien derde- en vierdejaar-BEd-studente as fasiliteerders optree, gee hierdie ekskursies daardie studente ook die geleentheid om hulle vaardighede as doeltreffende fasiliteerders verder te ontwikkel, wat hulle vir hulle toekomstige loopbane sal bemagtig.

Om die hele artikel te lees, klik asseblief op die skakel hieronder:
https://news.nwu.ac.za/af/nwu-se-virtuele-ekskursies-inspireer-superkundiges

# MEd and PhD student winners of the 3MT competition

Three Minute Thesis (3MT®) is a research communication competition developed by the University of Queensland (UQ). Doctoral students participating in the 3MT are given three minutes to present a compelling oration on their thesis and its significance. The 3MT challenges students to consolidate their ideas and research discoveries to be presented concisely to a non-specialist audience.

Both master's-degree and doctoral students will compete at institutional level, but qualifying doctoral students will continue to the national competition held by the University of the Free State.

Thirty-fourmaster's-degree students and 58 doctoral students uploaded abstracts, but only 36 doctoral students and 20 master's-degree students uploaded their video presentation for evaluation.

Winners were announced on 23 August 2021 and they will compete in the NWU's institutional competition. This will be the finals for master's-degree students and the semi-finals for doctoral students. Both categories will receive prize money in the NWU's institutional competition.

Award/recognition:
The winners of the competition will each receive a certificate and prize money.

| | Master | Doctoral |
|---|---|---|
| Winner | R12 000,00 | R15 000,00 |
| First Runner-up | R10 000,00 | R12 000,00 |
| Second Runner-up | R8 000,00 | R10 000,00 |

Thank you to our students and judges.
Judges: Dr Sukie van Zyl, Dr Shantha Naidoo and Dr Marinda Neethling.



MEd Winner:
Ms Samantha Ramsay
MEd student of Prof M Koen

Title: The importance of emotional well-being in children with ADHD



1st runner-up:
Mr Judicial Sabatana
MEd student of Prof W Dudu, Dr A Mutswanga and Prof A Golightly

Title: Enhancing the use of Problem-Based Learning by beginner Physical Sciences teachers while teaching Particulate Nature of Matter

"Three Minute Thesis" (3MT®) is 'n navorsingskommunikasiekompetisie wat deur die Universiteit van Queensland (UQ) ontwikkel is. Studente wat aan die 3MT deelneem, kry drie minute tyd om 'n oortuigende bespreking van hulle proefskrif en die betekenis daarvan voor te lê. Die 3MT daag studente uit om hulle idees en navorsingsontdekkings te konsolideer om dit kortliks aan 'n nie-spesialis-gehoor voor te lê.



PhD Winner: Dr Anitia Lubbe
PhD student of Prof E Mentz

Title: Cooperative learning-embedded assessment



1st runner-up:
Mr Motsamai Moamogwa
PhD student of Prof Jan Heystek and Dr J Khumalo

Title: Managing learner-on-teacher violence in the North West Province



Ms Ann-May Marais
PhD student of Dr Elsabe Wessels and Prof M Koen

Title: A collaborative approach to develop teaching strategies to improve English Home Language in multilingual Foundation Phase classrooms

Beide meestersgraad- en doktorale studente sal op institusionele vlak meeding, maar kwalifiserende doktorale studente gaan deur na die nasionale kompetisie wat deur die Universiteit van die Vrystaat gehou word.


Vier-en-dertig meestersgraad- en 58 doktorale studente het opsommings opgelaai, maar slegs 36 doktorale en 20 meestersgraadstudente het hul videovoorlegging vir evaluering opgelaai.


Wenners is op 23 Augustus 2021 aangekondig en sal aan die NWU se institusionele kompetisie deelneem. Dit is die eindrondte vir meestersgraad- en die halfeindrondte vir doktorale studente. Beide kategorieë sal in die NWU se institusionele kompetisie prysgeld ontvang.

Die wenners van die kompetisie sal elkeen 'n sertifikaat en prysgeld ontvang.
Dankie aan ons studente en beoordelaars.
Beoordelaars: Dr Sukie van Zyl, dr Shantha Naidoo en dr Marinda Neethling.

## Research Unit for Self-Directed Learning virtual writing workshop

From 28 July to 3 August 2021, researchers from the Research Unit for Self-Directed Learning attended a virtual article-writing workshop that was presented by Prof Johannes Cronjé (professor of Digital Teaching and Learning and former dean at CPUT). He is an experienced researcher and has presented many of these workshops with great success. The interactive workshop was presented via Zoom and WhatsApp, and provided attendees with an undisturbed, guided writing opportunity in the comfort of their own writing spaces. One-on-one sessions were also available and contributed to a valuable individualised learning experience for many attendees. Prof Cronjé also shared free resources with the attendees, and his website:
(https://sites.google.com/site/johannescronje/workshops-and-talks/article-writing-workshop)
is openly available and is helpful to both experienced and beginner writers. His site contains valuable resources, examples, tips, and tools for master's-degree and doctoral students. All the attendees found this a very rewarding workshop.








## Navorsingseenheid vir Selfgerigte Leer se virtuele skryfwerkswinkel

Van 28 Julie tot 3 Augustus 2021 het navorsers van die Navorsingseenheid vir Selfgerigte Leer 'n virtuele werkswinkel oor die skryf van artikels bygewoon, wat deur prof Johannes Cronjé (professor in Digitale Onderrig en Leer en voormalige dekaan van die KSUT) aangebied is. Hy is 'n ervare navorser en het reeds heelwat van hierdie werkswinkels met sukses aangebied. Die interaktiewe werkswinkel is via Zoom en WhatsApp aangebied en het die deelnemers die kans gegun om ongestoord 'n begeleide skryfgeleentheid in die gemak van hulle eie skryfruimtes te hê. Een-tot-een-sessies was ook beskikbaar en dit het tot geïndividualiseerde leergeleenthede vir die deelnemers bygedra.
Prof Cronjé het ook deur sy webwerf:
(https://sites.google.com/site/johannescronje/workshops-and-talks/article-writing-workshop)
gratis hulpbronne met die deelnemers gedeel, en dit is ook openlik beskikbaar en van hulp vir beide ervare en beginnerskrywers. Sy webwerf sluit ook hulpbronne, voorbeelde, wenke en gereedskap vir meesters- en doktorsgraadstudente in. Die deelnemers het dit as 'n waardevolle werkswinkel ervaar.

# Recent activities of the Research Unit for Self-Directed Learning

- The research unit held a successful SDL Academic Discourse 7 presented by research professor MC Maphalala on 19 August 2021. The title was Adapting qualitative research methodologies in the midst of the Covid-19 pandemic.
- The UNESCO Chair on Multimodal Learning and Open Educational Resources hosted a workshop entitled Open textbooks presented by Dr Glenda Cox and Michelle Willmers from the University of Cape Town on 24 August 2021.
- Prof Josef De Beer presented the research unit's third NRF-rating workshop on 25 August 2021.




# Onlangse aktiwiteite van die Navorsingseenheid vir Selfgerigte Leer

- Die navorsingseenheid se SGL Akademiese Diskoers 7 op 19 Augustus 2021 was 'n groot sukses. Dit is deur navorsingsprofessor MC Maphalala aangebied en die titel van die aanbieding was: Aanpassing van kwalitatiewe navorsingsmetodologieë te midde van die Covid-19-pandemie (Adapting qualitative research methodologies in the midst of the Covid-19 pandemic).
- Die UNESCO-leerstoel oor Multimodale Leer en Oop Opvoedkundige Hulpbronne het 'n werk swinkel, Oop Handboeke (Open textbooks), op 24 Augustus 2021 aangebied, met dr Glenda Cox en Michelle Willmers van die Universiteit van Kaapstad as sprekers.
- Prof Josef de Beer het die navorsingseenheid se derde werkswinkel vir NNS-gradering op 25 Augustus 2021 aangebied.



• FRIDAY FEEL-GOOD NEWS •

# GUIDELINES

- Snippets should be sent as an attachment in a **Word document**.
- Snippets should be approximately **50–200** words (per language).
- Snippets must be in both **English and Afrikaans** – we all use different abbreviations and names, so the correct terminology must be provided in both languages.
- Please **include a title** for your snippet.
- Related **photo/s must be provided** along with each snippet:
  - **Sent as an attachment**
  - **In .png or .jpeg format**
  - **Minimum one** photo and a **maximum of eight** photos
- Submit snippets before 12:00 every Wednesday.
- Email snippets to **Aloreece.Johnson@nwu.ac.za**.

For more information, contact Aloreece Johnson on X285 2722.

# RIGLYNE

- Brokkies moet as ’n **aanhangsel in ’n Word-dokument** gestuur word.
- Brokkies moet ongeveer **50–200** woorde (per taal) bevat.
- Brokkies moet in beide **Engels en Afrikaans** wees – ons gebruik almal verskillende afkortings en benamings, dus moet die korrekte terminologie in albei tale verskaf word.
- **Sluit ’n titel** vir u brokkie in.
- Gepaste **foto’s moet saam met elke brokkie voorsien** word:
  - **Gestuur as ’n aanhangsel**
  - **In png- of jpeg-formaat**
  - **Minimum van een** foto en ’n **maksimum van agt** foto’s
- Dien brokkies elke Woensdag voor 12:00 in.
- E-pos brokkies aan **Aloreece.Johnson@nwu.ac.za**.

Vir meer inligting, kontak Aloreece Johnson by X285 2722.